

# Die Heilsorde

Dr Hennie van Wyk

# 'N LOGIESE ONDERSKEIDING VAN DIE HEILSORDE IS:

(Hierdie orde is 'n geloofsorde)



PLEK VAN BEKERING

**Is bekering deel van (a) Sondekennis, (b) Verlossing of (c) Dankbaarheid?**

Heidelbergse Kategismus vraag 86:

**Vraag:** Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is.

**Antwoord:** Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry, en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.

Teken van Bekering!

Sonder enige verdienste

Kan niks self verdien

Alleen uit genade

God hoef nie my te begenadig

Met sy bloed





Christus verdien vir my

is

Nuut gemaak

daarom

Dankbaar



PLEK VAN BEKERING





## PLEK VAN BEKERING

*Wat is die afsterwing van die ou mens?*

*Wat is die opstanding van die nuwe mens?*

Efesiërs 4:22-24: Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; **breek met die ou, sondige mens** in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; **lewe as nuwe mense** wat as die **beeld van God geskep is**: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.



Kolossense 3:5-10: Daarom moet julle die **aardse dinge doodmaak** wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is. Deur sulke dinge kom **die straf van God** oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. Maar nou moet julle al **hierdie dinge laat staan**: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, en moenie vir mekaar lieg nie. **Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek** en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God



BEKERING

## PLEK VAN BEKERING

*Wat is die afsterwing van die ou mens?*

*Wat is die opstanding van die nuwe mens?*

Efesiërs 4:22-24: Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; **breek met die ou, sondige mens** in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; **lewe as nuwe mense** wat as die **beeld van God geskep is**: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.



Kolossense 3:5-10: Daarom moet julle die **aardse dinge doodmaak** wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is. Deur sulke dinge kom **die straf van God** oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. Maar nou moet julle al **hierdie dinge laat staan**: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, en moenie vir mekaar lieg nie. **Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek** en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God

BEKERING

Heidelbergse Kategismus So 33:

**VRAAG EN ANTWOORD: 88.**

**Vraag:** Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

**Antwoord:** Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens<sup>1</sup>.

**VRAAG EN ANTWOORD: 89.**

**Vraag:** Wat is die afsterwing van die ou mens?

**Antwoord:** Dit is 'n **hartlike berou** daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde **haat** en daarvan **wegvlug**.

**VRAAG EN ANTWOORD: 90.**

**Vraag:** Wat is die opstanding van die nuwe mens?

**Antwoord:** Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.

**VRAAG EN ANTWOORD: 91.**

**Vraag:** Wat is goeie werke?

**Antwoord:** Slegs die wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie.

Heidelbergse Kategismus So 33:

**VRAAG EN ANTWOORD: 88.**

**Vraag:** Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

**Antwoord:** Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens<sup>1</sup>.

**VRAAG EN ANTWOORD: 89.**

**Vraag:** Wat is die afsterwing van die ou mens?

**Antwoord:** Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug.

**VRAAG EN ANTWOORD: 90.**

**Vraag:** Wat is die opstanding van die nuwe mens?

**Antwoord:** Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.

**VRAAG EN ANTWOORD: 91.**

**Vraag:** Wat is goeie werke?

**Antwoord:** Slegs die wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie.



## HOE?

Klaagliedere 5:21: **Bring ons terug** na U toe, **HERE**, sodat ons kan terugkeer; maak ons dae nuut soos voorheen,

Jeremia 31:18: Ek het dit beslis gehoor – Efraim bejammer homself, ‘U het my ingebreek, en ek het my laat inbreek soos 'n ongeleerde kalf. **As U my laat terugkeer**, keer ek werklik terug; want U is die **HERE** my God.

Jeremia 31:33: “Nee, dít is die verbond wat **Ek ná** daardie dae met die huis van Israel sal sluit,” is die uitspraak van die **HERE**: “Ek sal my wet in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf. Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.



## HOE?

Klaagliedere 5:21: Bring ons terug na U toe, HERE, sodat ons kan terugkeer; maak ons dae nuut soos voorheen,

Jeremia 31:18: Ek het dit beslis gehoor – Efraim bejammer homself, ‘U het my ingebreek, en ek het my laat inbreek soos 'n ongeleerde kalf. As U my laat terugkeer, keer ek werklik terug; want U is die HERE my God.

Jeremia 31:33: “Nee, dít is die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Israel sal sluit,” is die uitspraak van die HERE: “Ek sal my wet in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf. Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.



Aksie



Reaksie

## JOUSELF?

Romeine 8:7: Die denke van ons sondige aard is vyandskap teen God; dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

Klaagliedere 5:21: Bring ons terug na U toe, HERE, sodat ons kan terugkeer; maak ons dae nuut soos voorheen,

## EIS GOD DIT?

Handelinge 17:30: God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy alle mense oral op om hulle te bekeer.

Lukas 24:47: "So staan daar geskryf dat die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan en dat in sy Naam bekering tot die vergewing van sondes aan alle nasies verkondig moet word.

Ek is van nature geneig om God en my naaste te haat


Romeine 3:11 daar is niemand verstandig nie, daar is niemand wat God soek nie.

Vroeër kon die mens sê: "Ek het nie geweet nie!" Nou is daar geen verskoning nie!

## WYSE VAN BEKERING

2 Kronieke 33:12-13: Maar toe hy in die noute was, het hy die HERE sy God se guns gesoek, hom ernstig verootmoedig voor die God van sy voorouers en tot Hom gebid. God is geraak deur sy pleitrede en het sy smeekbede verhoor. Hy het hom na Jerusalem, na sy koningskap, laat terugkeer. Manasse het toe erken dat die HERE God is.

Lukas 23:39-43: <sup>39</sup> Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom aanhoudend gelaster en gesê: “Jy is mos die Christus, of hoe? Red jouself, en ons!” Die ander een het hom egter bestraf en gesê: “Het jy nie ontsag vir God nie? Jy ondergaan per slot van rekening dieselfde straf! In ons geval is dit regverdig – ons word tereg gestraf vir wat ons gedoen het. Maar hierdie man het niks verkeers gedoen nie.” Hy sê toe: “Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom! Jesus het hom geantwoord: “Amen, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”



# 3 Tipes bekering.

## Inkeer (Paulus)

Volgende skyfie

## Heiden (Rut)

Nie verder bespreek

## Verbondskind (Jy)

Later bespreek

Jy is in die verbond ingeplant en moet elke dag soos 'n kind van die Here leef.

Verbond

'n Heiden word in die verbond ingeplant en breek met sy wortels

Handelinge 9:1-19:

Jesus verskyn aan Paulus en maak hom  
Blind dat jy die volle waarheid kan sien.  
Paulus het geglo – maar gedink net die  
Vader is God.

**Vader**

Handelinge 9:1-19:

Jesus verskyn aan Paulus en maak hom  
Blind dat jy die volle waarheid kan sien.  
Paulus het geglo – maar gedink net die  
Vader is God.


**Jesus**

**Vader**

**Heilige Gees**

## WYSE VAN BEKERING

Handelinge 16:14-15: 'n Vrou uit die stad Tiatira, 'n purperhandelaar met die naam Lidia, wat God vereer het, het ook **geluister**, en die **Here het haar hart oopgemaak** om ag te slaan op wat Paulus gesê het. Nadat sy en haar huishouding **gedoop is**, het sy by ons aangedring en gesê: “As julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom bly dan in my huis.”





## DATUM VAN BEKERING

1 Samuel 2:11: Daarna het Elkana na sy huis toe gegaan in Rama, terwyl die seun Samuel die Here bly dien het onder toesig van die priester Eli

2 Timoteus 1:5: Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Lois en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.

2 Timoteus 3:15: en omdat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou die wysheid kan gee tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus.

HIER PRAAT ONS VAN  
'N BEKERING WAT IN  
DIE VERBOND  
PLAASVIND


VERBOND beteken jy  
ken God en Sy woord /  
wet

## AANHOUDENDE BEKERING?

Hebreërs 6:1-3: Laat ons nie stilstaan by die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig word nie, maar verder gaan na die volle inhoud van die boodskap. Ons wil nie opnuut die fondament lê deur te praat oor die bekering uit 'n leefwyse wat tot die dood lei nie, of oor geloof in God,<sup>2</sup> die leer van die doop en die handoplegging, die opstanding van die dooies en die ewige oordeel nie.<sup>3</sup> Ons sal dus verder gaan as God dit toelaat.


Matteus 26:41: Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.”

Romeine 7:21-24: So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte. Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God,<sup>23</sup> maar ek vind in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my 'n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is.<sup>24</sup> Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?





**BEKERING IS DIE  
GEVOLG VAN DIE  
NUWE LEWE WAT DIE  
GEES IN MY WEK**

**WEDERGEBOORTE  
BRING GELOOF;  
GELOOF BRING  
BEKERING**



# Efesiers 4:26

As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.



**Bekering is om in die plek van sonde (wat God en jou naaste benadeel) iets te doen tot eer van God en tot voordeel van jou naaste**

Drie paddatjies sit  
by die water.

Hierdie een besluit om in  
die water te spring!



Hoeveel paddatjies sit nou by die water?

Al drie paddatjies!

Gaan ek of gaan ek nie...?



Besluit sonder aksie beteken niks!  
Bekering is 'n daad!